
# OLOFF DIE SEEROWER

No. 19.




**Baie versigtig beweeg Oloff die vingers van sy regterhand. Die senings van sy duim rek tot breekpunt toe. Hy knyp sy oë toe. Die pyn is amper onuithoubaar. Maar uiteindelik het hy sy vingers om sy duim en die knoop van die riem gewikkel. Stadig draai hy sy hand totdat hy die riem styf vas het en hy sy volle gewig nou met sy regterhand dra. Hy krom sy arm sodat hy homself effens van die grond af wegtrek, en dan gryp hy skielik met sy linkerhand 'n entjie bokant die knoop van die riem aan sy linkerhand.**

**Die asem jaag deur sy keel onderwyl hy 'n rukkie heen en weer aan die riem swaai. Die sweet tap hom af, maar hy voel oneindig verlig omdat hy weet dat hy sy duime sou afgeruk het as sy hande moes geglip het.**

**Stofomslag: Chris du Plooy**

# OLOFF DIE SEEROWER

No. 19.



# HOOFSTUK 1

"Staan terug, jou swaap!"
Met sy plathand stamp die spreker sy maat teen die bors en druk hom terug tot teen die muur. Hulle staan roerloos. 'n Entjie voor hulle stap 'n paar man in 'n dofverligte straat verby, en die gebrom van hul stemme is duidelik hoorbaar.

"Solank iemand ons net nie van naby sien nie," hervat die lang, skraal man, "is dit heel waarskynlik veilig om openlik in die dorp rond te beweeg. Kom."

Hulle stap in die donker skaduwees van die mure. Die sandstrate van Wagenaarsrust is maar hier en daar verlig waar 'n lamp op 'n straathoek brand of waar 'n lig deur 'n oop venster of 'n deur skyn. Wanneer hulle deur so 'n ligkol stap, is hul gelaatstrekke duidelik sigbaar.
Die voorste het 'n plat gesig en 'n neus wat opwip sodat die neusgate wyd en rond tussen sy hoë wangbene vertoon. Sy oë sit diep onder sy voorkop weg en as hy sy mond oopmaak, het sy gesig die voorkoms van 'n skedel in die bleek lig.

Hy stap met die houding van een wat daaraan gewoond is om bevele te gee. Die ander volg sowat 'n tree agter hom en is blykbaar 'n ondergeskikte.

"Hul skepe lê natuurlik daar in die rivier," sê die een met die plat gesig.

"Heel waarskynlik, kaptein."

"Ons gaan eers kyk hoe dit daar lyk." Die kaptein praat gedemp. "Daarna soek ons 'n eensame kêrel uit wat lyk asof hy na geselskap soek en ons gaan stel hom 'n paar vrae op 'n afgeleë plek. Die dorp is te leeg na my sin."

"Miskien is party van hulle op see, kaptein."

"Ek stel nie belang in gissings nie. Ons sal netnou uitvind of Oloff hier is, of nie."

'n Rukkie stap hulle in stilte voort. Op regterkant is die sagte dreuning van branders op 'n stil, uitgestrekte strand. 'n Ent vorentoe is die boomryke oewers van 'n rivier in die sterlig sigbaar. Iewers in een van die ander strate is 'n vermaaklikheidsplek - 'n koffie- of wynhuis - want hulle kan die musiek in die aandstilte

hoor.

Die kaptein lag saggies en honend. Hy maak 'n gebaar met sy arm wat die omgewing insluit.

"Rustig en vreedsaam," merk hy snuiwend op. "Hier het Oloff die Seerower en sy manne soos 'n klomp jakkalse kom wegkruip. Blykbaar het hulle gedink dat hul sondes hul nooit sal agtervolg nie." Weer lag hy. "Maar Oloff het 'n fout gemaak toe hy met die Skedel van Caracas deurmekaar geraak het."

"Dit was 'n fout ja, kaptein," beaam die ander.

"Dis 'n fout vir enigeen om my kwaaivriendskap op die hals te haal, of hoe Casser?" Die Skedel se stem is krapperig soos 'n aasvoël s'n. Die klank daarvan is op die oomblik amper gemoedelik, maar die dreigement is heel ooglopend. Die Skedel hou daarvan om sy manne met vrees in toom te hou.

"Dit is so, kaptein," antwoord Casser taktvol.

Tussen die digte struike deur bereik hulle die rivierwal. Hier onder die bome is dit so donker dat hulle maar 'n tree of wat voor hulle kan sien. Nogtans kan hulle die buitelyne van 'n skip wat statig in die sagvloeiende Karsrivier voor anker lê, onderskei.

"Daar is net een," merk die Skedel op waar hulle op die punt van 'n stewige houtkaai staan.

"Dan is dit seker soos ek gesê het, kaptein," antwoord die ander. "'n Klomp van hulle is met die ander skip op see."

"Hoe weet jy daar is net een ander skip?"

"Hulle sê dat Oloff die Seerower twee skepe gehad het."

"Miskien het hy nou net een. Kom."

Hulle stap terug met die hoofstraat van die dorpie. Die nedersetting lê teen die hellings van die groen heuwels weerskante van die rivier. Die dorpie is hier - 'n paar myl oos van Kaap Agulhas -amper weggesteek in die kom om die mond van die rivier. Geen paaie loop na hierdie suidelikste punt van Afrika nie. Die Skedel het egter aangeneem dat besoekers wel hier sal opdaag en reisigers hier sal deurgaan.

Daarom spring hy en Casser nie weer die skaduwees in toe 'n man 'n entjie voor hulle by 'n huis uitkom nie. Hy draai in hul





rigting en toe hy by hulle kom, spreek die Skedel hom aan. Hulle is redelik ver van die naaste lampe, en die Skedel voel gerus dat hul gelaatstrekke nie duidelik sigbaar sal wees nie.

"Goeienaand, vriend." Hy modulaar sy kras stem.

"Goeienaand," antwoord die man.

"Ons soek hulp en 'n plek om te oornag," verduidelik die Skedel. Hy hoop dat die man nie destyds saam met Oloff daar by San Dieres was waar Oloff en die Skedel slaags geraak het nie. "Is daar so iets hier te vinde?"

"Daar is," verseker die man hulle hartlik en sonder die minste agterdog. "Ons het 'n gerieflike herberg waar alle vreemdelinge en reisigers graag ontvang word as gaste van kaptein Oloff."

"Kaptein Oloff?"

"Hy is die leier van ons gemeenskap," antwoord die man eenvoudig.

"Dan is hy 'n herbergier?"

"O, nee." Die man lag. "Wat ek bedoel, is dat die herberg gratis tot beskikking van alle besoekers is."

"Dit klink aangenaam," sê die Skedel in 'n ernstige poging om sy veragting vir sulke misplaaste liefdadigheid nie te laat blyk nie.

"Maar u het gepraat van hulp?" verneem die man dan amper gretig.

"Ons skuit lê hier agter die langengte op die strand. Ons kom van die Kaap en ken nie die see hierlangs nie."

"Is die skuit beskadig?"

"Nee. Toe dit skemer word, het ons besef dat ons daar na aan die strand is. Ons wou nie die diep see in die nag invaar nie, en het 'n landingsplek gesoek. Gelukkig het ons die ligte van jul dorp van die kruin van die heuwel af gesien."

"Kom dan," bied die man dadelik aan. "Ek sal julle help om die skuit om die punt na die baai toe te bring. Dit sal veilig hier wees en slaapplek is daar vir julle almal."

Sonder aarseling val die man langs hulle in. Hy stel homself bekend as Samuel Hechter. Hy was op pad na die wynhuis om 'n bietjie vermaak te soek. Hy is ongetroud en het geen ander

verpligtings nie. Maar dit is nog vroeg. Hy sal die here Schmidt en Casser later saamneem en aan 'n paar van die ander inwoners bekend stel.

Waar hulle in die donkerte teen die heuwel uitstap, kan die Skedel sy lag kwalik bedwing. Later sal hy hom self aan almal in die dorp bekend stel - met die punt van 'n swaard en die vlamme van 'n brandende fakkel.

"Ek het nie geweet van die nedersetting nie," sit hy die gesprek voort.

"Dit is Wagenaarsrust," antwoord Samuel geselsend. "Ons het dit 'n jaar of wat gelede hier gebou."

"Het julle uit Europa hierheen gekom?"

"Ons is die bemanning van die skepe van kaptein Oloff."

"O, natuurlik!" roep die Skedel uit asof 'n ligstraal hom getref het. "Die kaptein van wie jy praat, wat vroeër bekend as Oloff die Seerower. Later het dit geblyk dat hy in werklikheid 'n kaptein in die Hollandse vloot is wat maar tussen die seerowers rond beweeg het om hulle sodoende te kan uitroei."

"U som die saak reg op," gee Samuel met 'n laggie toe. "Onder leiding van kaptein Oloff het ons taamlik sukses gehad."

"So het ek verstaan," sê die Skedel. "En nou het julle besluit om julle hier te vestig?"

"Ja."

"Ek sal kaptein Oloff graag wil ontmoet."

"Ongelukkig is hy op die oomblik in Europa."

Hulle het die rif van die landengte bereik van waar hulle die wit strand daar onder dof kan sien. Vir die Skedel en Casser wat weet dat die skepe 'n kwartmyl van die kus af voor anker lê, is die donker rompe dadelik sigbaar. Hulle neem aan dat Samuel Hechter dit ook sal sien.

Sonder die minste waarskuwing het Casser effens agter Samuel ingeskuif en skaars uiter hy die laaste woorde of vang die kolf van 'n pistool hom hard teen die kant van sy nek. Hy slaan soos 'n os neer.

'n Oomblik lank kyk die Skedel om hulle heen. Toe hulle vroeër





die aand op die dorpie afgesluip het, het hulle reeds vasgestel dat daar nêrens wagte buite die nedersetting geplaas is nie. Die inwoners verwag blykbaar geen bedreiging nie.

"Ons sleep hom strand toe," gebied die Skedel kras. "Dit maak nie saak of ons spore nalaat nie. Daar sal in alle geval teen môre niks van hierdie verraderlike skurke se nes oorbly nie!"

Sonder om die kluite, die skerp klippe, droë takke en dorings op die grond in ag te neem, gryp hulle die arme Samuel elk aan 'n enkel en trek hom soos 'n stuk hout agter hulle aan teen die skuinste af.

Op die strand spring 'n paar man wat digby 'n skeepsboot gestaan het, haastig nader. Hulle tel die bewustelose Samuel op en gooi hom in die skuit. Die Skedel neem in die agterstewe plaas en op sy skerp bevel stoot hulle die punt van die boot tussen die branders in. Die skuim spat in hulle gesigte toe 'n brander teen die boeg breek. Maar dan gly hulle oor die ligte deining na die die naaste van die vyf groot skepe wat daar wiegend voor anker lê.

Die Skedel is eerste met die houtleer op. Oor sy skouer skreeu hy na die bemanning van die boot.

"Lawe hom en bring hom dan na die kapteinskajuit!"

In die gang af onder die massiewe versierde balke deur bereik hy die ontvangskajuit van die skip wat eens die vlagskip van 'n prins van Spanje was voordat dit in seerowerhande geval het. Sonder plegtigheid stamp hy die deur oop.

Voor die komvenster van die dolverligte kajuit spring 'n man op. Die jongmeisie langs wie hy gesit het, kyk vinnig en effens verward na die Skedel.

"Kan jy nie klop voor jy inkom nie!" blaf die man by die venster. Sy forse gestalte krom effens vooroor by die skouers soos 'n valk wat enige oomblik sy prooi wil bespring. Sy gelaatstrekke is skerp, maar tog vol en sy lippe is dik en sensueel.

"Daar is nie nou tyd vir beleefheidjies - en romanse nie, Cabot!" werp die Skedel bars terug.

"Romanse se voet!" sê die meisie. Sy is blas, maar dit lyk meer of sy songebruin is. Haar swart hare is lank en hang los en haar

gelaatstrekke is beeldskoon. Haar donker oë gloei wakker, maar soos 'n kat s'n wat soek na 'n speelding, lomerig en tog wreed; miskien koketterig asof sy na die geselskap van mans verlang, en tog hard asof sy daarvan sal hou om hulle af te jak en te verneder nadat sy hulle uitgelok het. "Ons het net sit en gesels," voeg sy by.

"'n Aangename soort geselsery, Jandien," sê die Skedel grof.

"En wat het jy in alle geval daarmee te doen!" snou Cabot hom toe.

"Niks - maar ek moet die vuil werk doen onderwyl jy hier sit en ...!"

"Sit en wat?" Cabot lag skielik, maar sy lippe vertrek net in 'n grynslag. "Wat moes ek gedoen het - op dek op en af gestap het en my hande senuweeagtig in mekaar gevryf het totdat jy teruggekeer het!"

"Die feit bly staan dat ons moet saamwerk." Die Skedel ignoreer Cabot se opmerking. "Ons is almal hier met dieselfde doelwit. Ons moet gelyke bydraes lewer."

"Ek sal my doel doen sodra dit nodig is."

"Die Skedel verwys dalk na my, Cabot," val die meisie hulle in die rede.

"Jy hou jou hande van Jandien af, Skedel!" sis Cabot.

"Ek sal besluit wie sy hande van my af hou!" Jandien staan ligvoet op. Sy kyk hom uitdagend aan. Cabot laat sy oë sak.

Almal weet dat hy al jare lank vlerksleep by hierdie dogter van 'n seerowerkaptein. In hul vesting aan die noordkus van Suid-Amerika, die verskuilde hawe van San Dieres, 'n paar myl wes van Caracas, is dit daagliks ooglopend hoe Cabot met verlange in sy oë na Jandien kyk en dit is net so duidelik dat sy doelbewus ander mans se geselskap soek om Cabot uit te tart.

Tog is daar nie één man in San Dieres wat kan sê dat hy die blom van hierdie seerowergemeenskap al in sy arms gehou het nie. Die gewone manskappe sou dit nie waag nie. Sy is die dogter van 'n kaptein en die offisiere het agtergekom dat sy hulle soos onbeholpe kinders kan hanteer.

Totdat 'n groot, swierige skip met die swart seerowervlag aan die





mastop eendag die hawe binnegevaar het. 'n Fopperige jong man met rooi hare en blou oë het kop sy hoëhakskoene die dorp ingestap. 'n Paar dae later het hy Jandien se hart verower - en toe het hy skielik verdwyn.

Hy het drie verbitterde mense agtergelaat; Hy het die Skedel voor die hele gemeenskap tot in die grond toe verneder. Hy het Cabot beledig deur Jandien - wat Cobot nooit besit het nie, maar tog as sy eiendom beskou het - van hom weg te neem en ook sy kosbaarste besitting die blou robyn, te steel. En Jandien moes in San Dieres agterbly. Sy het die leedvermaak in menige oog gesien en geweet wat die mense dink. Sy, die hooghartige, wat elke man in San Dieres aan haar voete gehad het, het haar hart soos 'n skoolkind aan 'n vreemdeling gegee wat haar gebruik het vir sy doeleindes (om die blou robyn in die hande te kry) en haar toe soos 'n lap opsy gestoot het.

Hierdie jong man was Oloff die Seerower.

Dadelik het Cabot en die Skedel wraakplanne beraam. Maande later het hulle uitgevind dat Oloff die dorpie Wageraarsrust aan die suidelike punt van Afrika gestig het en dat hy hom daar met die bemannings van sy skepe gevestig het. En Jandien het saamgekom omdat sy Oloff die Seerower met haar eie oë wil sien sterf.

"Ek het een van die kêrels katswink geslaan," deel die Skedel hulle nou mee. "Hy sal seker enige oomblik bykom. Ons kan hom ondervra."

"Maar wat het jy uitgevind?"

"Hule woon daar soos 'n klomp selfvernoegde helde," snuif die Skedel. Nêrens is daar 'n wag nie." Sy gesig vertrek van haat. "Maar Oloff is nie hier nie."

"Wat!" Cabot bal sy vuiste. "Waar is die skurk?"

"Blykbaar in Europa. Ons sal nou-nou meer besonderhede inwin." Hy pluk die kajuitdeur oop. "Casser!" bulder hy in die gang af. "Bring daardie vent!"

"Maar wanneer verwag hulle Oloff terug?" vra Cabot ontevrede nadat die Skedel die deur weer toegestoot het.

"Ons sal hoor. Dit maak egter nie saak nie," voeg hy by. "Ons

kan in alle geval vanaand begin deur die klomp wat wel hier is, uit die weg te ruim en sy kastige rusplek af te brand. Daar is een van sy skepe op die rivier. Ek ..."

Iemand klop aan die deur.

"Binne!"

Hulle sleep Samuel Hechter oor die drumpel. Die jong man staar die drie in die kajuit verward aan. Dit is duidelik dat hy nog nie heeltemal verstaan wat aan die gang is nie.

"Julle kan gaan!" snou die Skedel Casser en die ander toe, en sodra hulle uit is, wend hy hom tot Samuel. "Jy sê Oloff is in Europa?"

"Ja. Maar .... maar wat bedoel jy met hierdie optrede teen my?"

"Dit maak nie saak nie. Antwoord net ons vrae en ons sal jou laat gaan."

"Maar jy het gejok daar in die dorp."

"Dit was 'n wit leuentjie." Die Skedel gryns. "Vergeet nou die dinge wat jou hinder. Wanneer keer Oloff terug?"

"Ek weet nie. Hy is reeds 'n paar maande lank weg." Samuel verstrek die inligting geredelik. Almal weet tog waar kaptein Oloff is. Die inwoners van Wagenaarsrust het niks meer om weg te steek nie en geen dubbelspel om te speel nie. Hulle was wel vroeër bekend as seerowers, maar hul naam is in ere herstel.

"Wat het hy daar gaan doen?" verneem Cabot.

"Hy het gaan trou met ...."

"Trou!" Dit is Jandien. Haar oë vlam van woede. 'n Warm gloed slaan in haar wange op. "Die skurk gaan trou!" Dan word sy bewus van Skedel se honende kyk. Sy bedaar. "Wie sal met hom trou!" sê sy veragtend.

"Watter voorsorgmaatreëls het julle hier vir jul verdediging getref?" vra Cabot. Doelbewus ignoreer hy Jandien se uitbarsting. Hy is al gehard teen die dinge wat hom seermaak en hy weet dat hy nooit in staat was om haar so te ontstel nie.

"Verdediging?" Samuel skud sy kop onbegrypend. "Ek verstaan nie wat jy bedoel nie. Wat is jul plan ..?"

"Ons vra die vrae!" blaf die Skedel. Hy wend hom tot Cabot.





"Ek dink ons mors tyd," sê hy. "Ek was self daar. Ons kan hulle maklik betrek."

"Julle - julle wil tog nie ...?" Samuel Hechter vermoed vir die eerste keer wat hul planne is. Hy spring om en ruk die deur oop.

Die skoot knal hard in die kajuit. Samuel strompel en slaan vooroor op die vloer neer. Die Skedel staan met die rokende pistool in sy regterhand.

"Casser!" skreeu hy. "Voer hierdie karkas vir die haaie.

"Wat besiel jou, Skedel?" sê Cabot vererg. "Wie weet waar daardie skoot oral gehoor kan word."

"Al het hulle dit ook gehoor, sal hulle hul nie eens daaraan steur nie. Hulle sit daar soos 'n klomp vakansiegangers. Kom, ons vaar om die punt. Daar is genoeg ligte in die dorp waarna ons kan mik. Ek sal self in die rivier opvaar en daardie skip van hom uitmekaar blaker."

Cabot haal sy skouers op. Hy volg die Skedel na die kompanjiedek.

'n Paar oomblikke later het hulle bevele aan die stuurman en die bootsman gegee. Die seerowers klouter teen die touwerk op, en 'n paar seile word gespan. Die Skedel keer terug na sy eie skip en die vyf kaperbote vaar om die punt. Soos 'n slang val hulle agter mekaar in en beweeg al in die waai van die strand langs. Die paar straatlampe en lig in die vensters en deure dui die ligging van die nedersetting duidelik aan.

Op die strand stap 'n jong man en 'n meisie hand aan hand. Hulle het gesels oor die kalmte van die nag en die liefde in hul harte.

"Ons moet wag, Sarie," sê hy sag. "Ons moet wag tot kapt. Oloff terugkeer. Dit sal nie mooi wees as ons trou onderwyl hy nie hier is nie."

"Ek weet, Johan. Maar dit mag so lank wees. En as hy hier kom, moet julle miskien dadelik weer na die een of die ander verre plek vertrek."

"As hy sê ons moet gaan, moet ek gaan." Hy druk haar hand teer. "Maar ek dink nie dit sal die geval wees nie. Hy sal met sy